## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


**Terblanche Jordaan**
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad: www.neospektrum.co.za**
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan: dksmith1000@gmail.com**


ACIM: Stad 2/9 en Kolping 12/9
Bejaardesorg: Larél — 071.493.07.10
Spiritualiteit Konferensie: 25 Jul '20

**Boekgroep**
**Maandag: 2 September 2019**
ecs@telkomsa.net
**Marseille 15, Pinehurst**

➢ **bookings@neospektrum.co.za**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

______________________________________________

E-Mail____________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel,
uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vir elke bydrae sê ons*
***DANKIE!***

SnapScan
Download APP vir jou foon.

Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum
## 1 September 2019
## THE GIVENESS OF LIFE
## ~ GELOOF ~

## STILTE IN DIE KAPEL
~ Moonlight Sonata — Hauser & Lola ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Elkeen wat glo dat Jesus die Christus is,
is 'n kind van God; [... is gebore uit God]
en elkeen wat vir die Vader liefhet, [... wat gebore is uit Liefde]
het ook die ander lief
wat kinders van die Vader is. [... wat gebore is uit Liefde]

Hiéraan weet ons dat ons die kinders van God liefhet:
wanneer ons God liefhet
en sy gebooie {—**ἐντολή**: rigtingwysers / opdragte ...} onderhou.
Die liefde vir God bestaan dan daarin
dat ons sy gebooie gehoorsaam.

Sy gebooie is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie,
want enigeen wat 'n kind van God is [... uit God gebore is],
kan die (~~sondige~~) wêreld oorwin {—**νικάω**: overcome / bemeester...}.

En die oorwinning wat ons oor die wêreld behaal het,
is deur ons geloof.
Wie anders is dit wat die wêreld oorwin
as hy wat glo dat Jesus die Seun van God is?

— 1 Johannes 5:1-5

## STILTE VAN BINNE

## — GELOOF MAAK JOU MINDER PLAT —

*"I doubt, therefore I think. I think, therefore I am."* — René Descartes

==================================================================

## — GELOOF IS VIR SPIRITUALITEIT WAT PASSIE IS VIR LIEFDE —

**1. *GOD SE BEELD IN MY LEWE, DÍT IS GELOOF*** — geloof is 'n aangebore norm-besef uit wie ons gebore is, in wie se gelykenis ons geskape is. Die vraag is: is daar by my 'n bewussyn (**consciousness**) van hierdie waarheid?

**2. *GELOOF LAAT JOU LUISTER EN HOOR, KYK EN SIEN*** — geloof (faith) is nie glo (believe) in wat ons *nie* sien en *nie* ken nie, nee geloof is om te weet. Die vraag is: is ons bewus (**awareness**) van ons spirituele sintuie?

**3. *GELOOF MAAK HEEL, EN DEEL VAN DIE GROOT GEHEEL*** — die geloof wat emosionele berge skuif en jou op water laat loop, is dit wat konteks en perspektief gee ... 'n insig (Waarheid) oor die groot uitsig (Wysheid). Die vraag is: waar raak ons voete grond (**presence**) en waarvoor staan jy?

**4. *GELOOF HET TE DOEN MET NÓÚ, MÉT GOD, NÉT GOD ALLEEN*** — ons word nie soggens wakker in 'n wêreld sonder God nie, ons word wakker in 'n wêreld waar ons God nie sien nie. Geloof is 'n aangetrokkenheid en intensie om die mooiste en beste weergawe van myself te ontsluit. Geloof is COMMITMENT, DEDICATION, DEVOTION and REVERENCE. Die vraag is: will your faith wake you (**awakening**) to surrender to your Brighter Self?

**5. *GELOOF TEL JOU SEËNINGE, EEN VIR EEN*** — dis nie genoeg om net te weet WAT jy glo nie maar HOE maak dit 'n verskil in al ons verhoudinge? Geloof is nie godsdiens nie. Geloof sê: *dis moontlik,* liefde maak *dit maklik.* Die vraag is: can I stand the heat in the kitchen (**blessings**) of my soul ...?

==================================================================

GELOOF help 'TO CHANGE YOUR MIND' - dis meer as af-en-toe; meer as 'blinde geloof'; meer as belydenis, dogma, teologie ... want geloof is nie net vir nood-leer-bid nie maar... *"om te weet* (i) *hoe groot my sonde en ellende is;* (ii) *hoe ek daarvan verlos kan word, en* (iii) *hoe om 'n lewe van dankbaarheid te lei."* (Heidelbergse Geloofsbelydenis)



## GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ BREYTEN SE BRIEF — JAN BLOHM ~

*Daar is net één liggaam*
*en net één Gees,*
*soos daar net één hoop is*
*waartoe God julle geroep het.*
*Daar is net één Here,*
*net één geloof, één doop,*
*net één God en Vader van almal*
*Hy wat oor almal is,*
*deur almal werk*
*en in almal woon.*
*— Efesiërs 4:4-6*

Ons glo in één God wat geopenbaar word
sonder vorm, definisie of dimensie —
wat nie net die Skepper van Lewe is nie
maar die Lewe self is.
Ons glo in Jesus wat die Christus genoem word
wat ons herinnering is: ons is één met God,
wat in sy lewe, sterwe en wedergeboorte na sy dood
vir ons die Weg, Waarheid en Lewe geword het
van 'n lewe in die Christus-Bewussyn
waar ons die Weg, Waarheid en Lewe
sal word vir elkeen wat vir ons 'n 'naaste' is.
Ons glo in die Heilige Gees
wat die helende, allesinsluitende Asem van God is
wat ons help om die hel van vrees en skuldgevoel te verruil
vir die hemel van vergiffenis en versoening.

## Be the Awareness of the Presence of God

~ MY HEART WILL GO ON - 2CELLOS ~